

18 AUGUSTUS 2019



3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is en bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

²³"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Hebreërs 11 laat mens op 'n manier aan 'n foto-album dink. Om Hebreërs 11 te lees is soos om deur 'n foto-album te blaai en na die foto's van persone en gebeure te kyk wat 'n bepaalde invloed op jou lewe gehad het. Daar's foto's van ooms en tantes en grootouers, lank voordat jy op die toneel verskyn het; dan is daar die foto van jou waar jy op jou ma se skoot gesit het of saam met jou pa onder die sambree; die eerste baba-foto's, skool- en gradeplegtigheidfoto's en troufoto's! Al die foto's maak herinneringe in jou wakker van mense wat in moeilike en goeie tye saam met jou was. Hebreërs 11 help ons kyk na die foto's in die galery van geloofshelde: die Israeliete droogvoets deur die Rooisee en wat die mure van Jerigo laat val het, Ragab wat die verkenners weggesteek het, Gideon, Simson, Dawid, Samuel, die foto's van hulle wat die triomf van hulle geloof ervaar het, maar ook van diene wat in swaakheid gespot, gemartel en doodgemaak is. Blaai nou deur die foto-album (lees) van Hebreërs 11:29-12:2.

saam gesels

Jesus verag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Wat sou, na julle mening, die waarde daarvan vir mede-Jesus-volgelingen wees om deur die foto's van persone in die geloofsgalery te blaai?
2. Wanneer julle deur Hebreërs 11 lees is daar verhale van triomf en glorie, maar daar is terselfdertyd ook verhale van lyding, vernedering, bespotting lyfstraf,

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

nouts
praktiese wysheid...

gevangenskap, mishandeling en wrede dood. Bespreek onder mekaar wat dit vir julle sê oor die geloofsreis agter Jesus aan?

3. Soms is daar 'n uitsigloosheid in die geloofstryd, met weinig of geen indrukwekkende korttermynresultate om op te roem nie. Watter raad het julle uit die lees van Hebreërs 11 vir mense wat al moeg geroei is op die rugbreekriewer?
4. Praat met mekaar oor die noodsaaklikheid daarvan om as navolgers van Jesus in die geloof aan God se goedheid, trou en die geloofwaardigheid van sy beloftes vas te hou in tye van swaarkry. Wat leer Hebreërs 11 vir ons hieroor?
5. Bespreek die metafoer van geloof as 'n wedloop. Wat, dink julle, wil die skrywer vir ons in die wedloop hiermee sê?
6. Dink na oor die betekenis daarvan dat ons die oog op Jesus moet hou (12:2), wat die Begin ("Baanbreker" of "Inisieerder") en die Voleinder ("Afronder") van ons geloof is.

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om God se beloftes in sy Woord te memoriseer.** Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om deur middel van herhaling God se lewegewende beloftes te alle tye en onder alle omstandighede aan vas te hou, ten einde die geloof in ons aan te vuur. Lees hieroor Ps. 119:11, 97; Luk. 24:8; 2 Pet. 1:13, 15; Jes. 62:6.

Doen-dinge:

1. Leer om van die liedere in die Liedboek van die Kerk, wat vir jou besondere betekenis het, te memoriseer.
2. Skryf 'n belofte van die Here wat jy raakgelees het op 'n kaartjie en plak dit teen die yskas of speel. Lees die belofte elke dag en herhaal dit totdat jy dit ken. Wanneer jy die belofte ken, beweeg dan eers na die volgende belofte en memoriseer dit op dieselfde wyse.
3. Probeer om 'n hele hoofstuk in die Bybel wat jou na aan die hart lê te memoriseer.

Dink-dinge:

1. Wat, dink jy, is die voordele daarvan om Bybelbeloftes te memoriseer?
2. As jy in eensame afsondering aangehou sou word, waaraan sou jy uit die Bybel kon vashou?
3. Dink na oor beloftes wat jy met ander in moeilike omstandighede kan deel.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.